# 5. ONDERWYSONTWIKKELING IN DIE VRYHEIDSE DISTRIK NA DIE VREDE VAN VEREENIGING TOT UNIEWORDING: 1902-1910

## 5.1 INLEIDING

Een van die bepalings van die Vredesverdrag van 1902 was dat die distrikte Utrecht, Paulpietersburg en Vryheid by Natal ingelyf moes word. Hierdie distrikte sou vir geruime tyd bekendstaan as die "Nuwe Gebied". Sover dit die onderwys aanbetref, sou die Kliprivierafdeling, die Nuwe Gebied en die Ngutu-afdeling van Zoeloeland bekendstaan as die Noordelike Distrikte. Dit is onder die beheer van 'n inspekteur van Onderwys wat op Dundee gestasioneer was, geplaas. (1)

Wat die beheer oor die onderwys en die medium van onderrig betref, is 'n stelsel bekendgestel wat lynreg in teenstel= ling was met dit waaraan die bewoners van die Vryheidse distrik gewoond was.

## 5.2 TWEE BOTSENDE STROME

### 5.2.1 Die verengelsing van die Noordelike Distrikte

Na die inlywing van die Vryheidse distrik by die Britse kolonie Natal in 1903 sou Engels die amptelike taal van dié gebied wees en sou die bewoners van die distrik ook

---

(1) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1903).

op onderwysgebied, vir sover dit Britse gebruike en tra=disies betref, moes inskakel by Natal.

Daar moet aanvaar word dat probleme wel voorgekom het en dat die verliese van amptelike erkenning van eie tra=disies en gebruike die Afrikaanssprekende deel van die gemeenskap wel geraak het. Op onderwysgebied het die gebrek aan moedertaalonderwys ook wel probleme opgelewer veral by die laer standerds. Daar kan egter gekonstateer word dat, vanweë die samestelling van die gemeenskap asook die simpatieke gesindheid van die koloniale ower=heid, die Vryheidse gemeenskap geen wesenlike probleme met oorskakeling ondervind het nie.

### 5.2.2 Die C.N.O.-beweging in Vryheid

Die C.N.O.-beweging, wat tydens die oorlog in Pretoria ontstaan het as 'n poging om noodlydende Hollanderonderwy=sers finansieël te ondersteun, se werksaamhede het na die oorlog, as teenvoeter vir Milner se verengelsings=beleid, só uitgebrei dat dit beslag gegee het aan 'n "Alge=mene kommissie tot behartiging van Christelik-Nasionale Onderwys". (2)

Die C.N.O.-beweging het ook in Vryheid neerslag gevind met die stigting van die "Vryheid Dutch Church School" waar die voertaal vanselfsprekend Hollands was. Hoewel die leerlingtal sterk vermeerder het, het die skool nie lank bestaan nie - hoofsaaklik weens gebrek aan vol=doende gekwalifiseerde onderwysers. (3)

---

(2) Van der Walt, J.H.P.: Onderwys van Blankes in die Ventersdorpse distrik tot 1970, p. 139.

(3) Jaarblad: Hoërskool Vryheid, 1973, p. 127.

Na die oorlog het die kinders verveeld op die plase rondgedwaal. Die behoefte aan onderwys vir hulle kinders was 'n groter oorweging by die ouers as juis die feit dat hul kinders onderrig deur medium van Hollands moes ontvang.

Die gebrek aan fondse het ook die oprigting van C.N.O.-skole in die Vryheidse distrik gekortwiek. Hoewel die C.N.O.-beweging R10 (£5) per maand vir 'n ongetroude onderwyser en R20 (£10) per maand vir 'n getroude onderwyser bewillig het, was die oprigting van geboue aan die ouers self oorgelaat en is die subsidie slegs betaal indien 'n skool 'n minimum leerlingtal van 15 gehad het. In antwoord op vertoë vir groter bystand het genl. L. Botha die inwoners aangeraai om liewer wykskole te stig met regeringsubsidie en afstand te doen van die C.N.O.-gedagte. (4)

## 5.3 ONDERWYS ONDER DIE NATALSE ADMINISTRASIE

### 5.3.1 Sentrale en plaaslike beheer

Reeds in 1894 is die beheer van die onderwys in Natal geplaas in die hande van 'n Superintendent van Onderwys, onder 'n Minister van Onderwys. Die stelsel het goed gewerk, maar het gelei tot onverskilligheid teenoor die skool aan die kant van die gemeenskap, veral in die sentrale en suidelike distrikte van Natal waar die gemeenskap oorwegend Engelssprekend was.

---

(4) Notule van kerkraadsvergadering: Ned. Geref. Kerk, Vryheid, Moedergemeente. 1903-01-19. s.p.

Die stelsel was vreemd vir die gemeenskappe in die noorde van Natal, waar die bewoners oorwegend Hollandssprekend was en gewoond was aan 'n stelsel waar die ouers 'n groot mate van beheer gehad het oor die onderwys van hul kin=ders. (5)

Die bekendstelling van 'n nuwe onderwysstelsel in die Noordelike Distrikte het probleme opgelewer. Die proble=me was in hoofsaak beperk tot die medium van onderrig en die beheer van skole deur komitees. (6)

Die Afrikaanse gemeenskappe (volgens die Superintendent) het nog altyd 'n groter belangstelling getoon in die onder=wys as die Engelse gemeenskappe. Hulle staan egter afsy=dig teenoor die staatskole, juis omdat die beheer van die onderwys in die hande van die staat is. Die Afrikaan=se gemeenskappe verkies 'n stelsel waar die ouers 'n sê in die beheer en administrasie van die skool en in die aanstelling van onderwysers het. (7)

Waarskynlik om hierdie behoefte aan beheer oor die on=derwys by die Afrikaanssprekende deel van die bevolking van Natal tegemoet te kom en ook plaaslike belangstelling in die onderwys aan te wakker, is in 1909 bekend gemaak dat die regering besluit het om adviserende skoolkomitees in die dorpe in die lewe te roep. Dit sou die taak van die skoolkomitees wees om met die regering saam te werk in alle sake rakende die welvaart van die kinders en hul opvoeding tot goeie landsburgers. (8)

---

(5) Verslag van die Superintendent van Onderwys: (NED 1903).
(6) Ibid., (NED 1903).
(7) Ibid., (NED 1906).
(8) Malherbe, E.G.: Education in South Africa, Vol. 1, p. 203.

### 5.3.2 Finansiële aangeleenthede

Om onderwys aan soveel kinders as moontlik te verskaf, het die Natalse regering finansiële en ander hulp verleen aan 'n verskeidenheid tipes skole, te wete staatskole, staatsondersteunde skole en plaasskole.

Ten opsigte van plaasskole het die Natalse regering in 1906 regulasies uitgevaardig wat bepaal het dat aan elke kind benede standerd 6 'n toelae van R6 betaal sou word. Om so 'n toelae te ontvang, moes die onderwyser behoorlik gekwalifiseer wees en moes die skool nie nader as 8 kilo= meter van die naaste staats- of staatsondersteunde skool wees nie. Die aard van die onderrig moes ook die goedkeu= ring van die inspekteur wegdra. (9)

Terwyl die owerheid in die geval van staatskole verant= woordelik was vir die oprigting van skoolgeboue, die verskaffing van meubels en die besoldiging van personeel, is 'n beleid van "payments by results" in die staatsonder= steunde skole gevolg. Op grond van die gemiddelde kwar= taallikse skoolbywoningsyfer sou die administrasie, indien daar meer as twaalf leerlinge is, R80 per jaar betaal met 'n addisionele R5 per leerling indien daar meer as 19 leerlinge die skool bywoon en R3 per leerling indien meer as 39 leerlinge die skool bywoon. (10)

### 5.3.3 Onderwyservoorsiening

Die verkryging van geskikte en gekwalifiseerde perso=

---

(9) Steenkamp, L.S.: Onderwys vir Blankes in Natal, p. 182.

(10) Sansbury, R.F.: Development and Organisation of Rural Education in Natal, 1910-1938, p. 19.

neel, veral in die buitedistrikte soos Vryheid, het 'n groot probleem geskep vir die Onderwysdepartement. Die meeste onderwysers/esse was van Engelse afkoms en het boonop almal aan Engelse opvoedkundige inrigtings gekwa= lifiseer. In sy verslag aan die Superintendent van Onder= wys maak inspekteur H.R. Dukes melding van die probleem om onderwysers te bekom in die Noordelike Distrikte as gevolg van "expense of living and lonely life" en stel hy voor dat "special inducements in the way of salary be offered to secure men of ability".

Om die algemene tekort aan onderwyspersoneel in Natal te verlig, is ook pogings aangewend om personeel vanuit die Britse eilande na Natal te lok. (11)

Aangesien baie onderwysers in Natal ongekwalifiseerd was, is pogings van owerheidsweë aangewend om gedurende vakansies in-diens-opleiding te verskaf. Ten opsigte van die Noordelike Distrikte berig inspekteur H.R. Dukes dat, hoewel die onderwysers baie gewillig is, die nodige opleiding by baie van hulle ontbreek en dat hulle enige vorm van opleiding wat hulle in staat sal stel om hul werk beter te doen, sal verwelkom. (12)

Die bekendstelling van Hollands as skoolvak en as medium van onderrig het verdere eise aan die personeel gestel. Só groot was die gebrek aan gekwalifiseerde personeel dat sommige skole verplig was om te sluit. Die enigste oord waaruit onderwysers verkry kon word, was die Kaap= kolonie. Inspekteur H.R. Dukes was dan ook van mening dat Natal sy behoefte aan personeel in een of ander op=

---

(11) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1904).

(12) Ibid. (NED 1906).

voedkundige tydskrif van die Kaapkolonie bekend moes maak. (13)

Die behoefte aan gekwalifiseerde Hollandssprekende onder=wysers was groter in die oorwegend Hollandssprekende Noordelike Distrikte van Natal as in die oorwegend Engels=sprekende suidelike distrikte.

Gewoonlik is van onderwysers in die Vryheidse distrik verwag om sowel Hollands as Engels magtig te wees. Die getal onderwysers wat aan hierdie kwalifikasie voldoen het, was egter beperk. (14)

In die dorpskool op Vryheid was daar deurgaans ŉ tekort aan genoegsaam gekwalifiseerde Hollandse onderwysers. (15)

5.3.4 Medium van onderrig

Aangesien Natal ŉ Britse kolonie was, was die medium van onderrig natuurlik Engels. In die "Nuwe Gebied" het die oorskakeling van Hollands na Engels as medium van onderrig veral in die laer standerds probleme geskep, maar die Natalse onderwysowerheid het deurgaans die taal=probleem simpatiek en in ŉ objektiewe gees probeer oplos. Die Superintendent berig dat "the Department, while remem=bering that this is a British colony, fully realises that instruction can most effectually be given to younger children through the language that is mainly used by them". (16)

---

(13) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1906).
(14) Ibid. (NED 1907).
(15) Ibid. (NED 1908).
(16) Ibid. (NED 1903).

Inspekteur H.R. Dukes berig ook in sy jaarverslag aan die Superintendent van Onderwys dat daar in die Noorde= like Distrikte "liberal concessions" gemaak is ten opsig= te van die taalmedium, veral in die laer standerds. (17)

Die aanleer van Engels was vir die Afrikaanse kinders nie 'n groot probleem nie, want inspekteur H.R. Dukes berig dat in skole waar die kinders Hollandssprekend was geen probleme ondervind is om 'n baie goeie standaard in Engels te bereik nie. (18)

In 1907 is die Hollandssprekendes van Natal nog verder tegemoet gekom deurdat die skooldag ten opsigte van onder= rig gelykop verdeel kon word tussen Hollands en Engels, indien die ouers dit sou verkies. Spesiale sillabusse, in Hollands, is vir die verskillende standerds opgestel en vir skole waar die leerlinge oorwegend Hollandssprekend was, is 'n alternatiewe Geskiedenissillabus opgestel om hulle te pas. (19)

'n Spesiale assistent-inspekteur, F.D. Hugo, is ook aange= stel om toe te sien dat die onderrig van Hollands in Natal deeglik was. (20)

---

(17) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1904).
(18) Ibid. (NED 1906).
(19) Ibid. (NED 1907).
(20) Ibid. (NED 1907).

## 5.4 HERSTIGTING VAN SKOLE IN DIE VRYHEIDSE DISTRIK: 1903-1910

### 5.4.1 Inleiding

Aangesien alle vorme van formele onderrig in die "Nuwe Gebied" gedurende die oorlogsjare tot stilstand gekom het, moes die Natalse owerheid na 1902 nuwe fasiliteite skep in hierdie gebied. Teenkanting teen verengelsing en 'n nuwe onderwysstelsel, gepaardgaande met die ontwrigting van die na-oorlogse jare, het daartoe gelei dat, behalwe die dorpskool op Vryheid, min wykskole vir die periode 1903-1910 in hierdie distrik gestig is.

### 5.4.2 Vryheid Goewermentskool

#### 5.4.2.1 Opening en bestaan

Die Natalse Onderwysdepartement het op 2 Februarie 1903 'n goewermentskool op Vryheid geopen. Aangesien daar geen skoolgebou beskikbaar was nie, moes 'n offisierstent opgeslaan word op erf 40 in Hoogstraat. Die terrein is kosteloos geskenk deur E. Northern. (21)

Die skool het geopen met 38 leerlinge, die hoof, G. Rees, en 3 assistente, t.w. L. Pienaar, mej. L.J. van Breda en mej. N.C. Davey. Op 9 Februarie 1903 het die leerlingtal reeds tot 58 vermeerder en moes nog 'n offisierstent opgeslaan word. Gedurende die reënseisoen moes die skool

---

(21) Logbook: Hoërskool Vryheid, 1903-02-02.

telkens gesluit word aangesien die tente te nat was. (22)

In Augustus 1903 het die leerlingtal tot 82 gestyg en het die skool verskuif na 'n sinkgebou bekend as Challe= norsaal. Aangesien die gebou ook saans as vermaaklikheid= sentrum gebruik is, kon die skooltoerusting nie ingedra word nie. (23)

In Maart 1905 het die leerlingtal tot meer as 140 aange= groei en het die skool na die Vrymesselaarsaal (Masonic Hall) verskuif. Die gebou was só bedompig dat inspekteur H.R. Dukes die hoof verlof gegee het om die skool op besonder warm dae te sluit. (24)

Op 5 Februarie 1906 is die nuwe klipgebou amptelik in gebruik geneem deur die Superintendent, C.J. Mudie. Dukes berig dat die nuwe klipgebou "has resulted in much comfort to teachers and pupils, and an increased effi= ciency in school work". Die leerlingtal het nou vermeer= der tot 188. Hoewel die skool tydens die ingebruikneming vir slegs 110 leerlinge plek gehad het, sou dit na vol= tooiing plek hê vir 280 leerlinge. (25)

In Maart 1908 is die C.N.O.-Kerkskool gesluit en is 56 leerlinge tot die Vryheid Goewermentskool toegelaat. Die hoof van die C.N.O.-skool, ds. W.P.J. Poen, het die Afrikaanse klasse kom waarneem. (26)

---

(22) Logbook: Hoërskool Vryheid, 1903-04-28.
(23) Ibid., 1903-08-03.
(24) Ibid., 1905-09-29.
(25) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1906).
(26) Logbook: Hoërskool Vryheid, 1908-04-01.

Teen die einde van 1909 het die skool se getalle gestyg tot 256. Die hoof, G. Rees, is na 7 jaar vrugbare diens na die Addingtonskool in Durban verplaas.

#### 5.4.2.2 Leerplanne

Aanvanklik het die Vryheid Goewermentskool begin met slegs 'n laer afdeling. Die volgende vakke is aangebied: Voordrag, Lees, Grammatika van die Engelse en Hollandse Taal, Geskiedenis, Aardrykskunde, Wiskunde en Opstel. Vanaf 1908 is 'n begin gemaak met die middelbare afdeling. Die werk van standerds 6 en 7 is só beplan dat leerlinge hulle kon voorberei vir die Kaapse Matrikulasie-eksamen. (27)

Reeds aan die einde van 1909 het twee leerlinge ingeskryf vir die Kaapse Matrikulasie-eksamen terwyl nog twee die Skool-Hoër-eksamen geskryf het. (28)

### 5.4.3 Vryheid Dutch Church School

Na die Vredesverdrag is in 1903 in Vryheid 'n C.N.O.-skool gestig met J.W. van der Westhuizen en later W.P.J. Poen as hoof. Die medium van onderrig was Hollands. Die gemeente van die N.G. Kerk het gepoog om soveel geleent=hede as moontlik vir hul kinders te skep. (29)

Die "Ark", wat gedurende die Z.A.R.-tydperk as skool gedien het, is ook as kosinrigting oorgeneem en het losies

---

(27) Logbook: Hoërskool Vryheid, 1908-02-28.

(28) Ibid., 1909-11-30.

(29) Notule van kerkraadsvergadering, N.G. Kerk, Moeder=gemeente, Vryheid. 1905-07-23.

voorsien aan 28 kinders. Die skool is goed ondersteun en het in 1907 reeds 'n leerlingtal van 151 gehad. (30)

In September 1907 het die hoof, W.P.J. Poen, bedank en het hy 'n betrekking by die dorpskool aanvaar as onderwy= ser vir Afrikaans. Hy is as hoof opgevolg deur A.J. van Schalkwyk. Vanweë liberale toegewings ten opsigte van die onderrig van Afrikaans in staatskole wat deur die Natalse Onderwysowerheid toegelaat is, moes die skool in Maart 1908 sluit en is die leerlinge na die Goewer= mentskool oorgeplaas. (31)

### 5.4.4 Die Donkerhoekse skool

Die skool is in 1906 gestig met G.J. de Wit as onderwyser. Daar was 14 ingeskrewe leerlinge. Die bedrag skoolgeld geïn, het R15 bedra en die staatsubsidie van R30. (32)

In 1908 is J. van der Walt aangestel as hoof en het die leerlingtal al tot 23 vermeerder. (33)

### 5.4.5 Vryheid Spinning

Hierdie skool het in 1907 ontstaan as 'n poging om dames te leer spin. Daar was tot 25 dames ingeskryf met mej. J. Steinberg as hoof. Jong kinders het hul moeders na

---

(30) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1907).

(31) Logbook: Hoërskool Vryheid, 1908-04-01.

(32) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1907).

(33) Ibid. (NED 1909).

die klasse vergesel en toegekyk hoe die vrouens leer spin. (34)

### 5.4.6 Vryheid Shorthand

Die skool het slegs gedurende 1906 bestaan met W.H. Cle= ments as hoof. Daar was 11 ingeskrewe leerlinge. (35)

### 5.4.7 Vryheid Night

Die skool het slegs gedurende 1905 bestaan. Dit is on= bekend wat die werksaamhede van hierdie skool behels het. A.R. Dallas was die hoof van dié skool. (36)

## 5.5 WAARDERING

Hoewel die Verdrag van Vereeniging, ten opsigte van die inlywing van die "Nuwe Gebied", bepaal het dat die be= woners hul taal en tradisionele instellings kon behou en hoewel Hollands as medium van onderrig reeds sedert die sewentigerjare van die vorige eeu in Natal toegelaat is, vind 'n mens dat die eerste hoofde van skole wat in die gebied aangestel was, almal Engelse was. Só is in= skrywings in die skoollogbook vir hierdie periode in Engels gedoen en is die skool op Vryheid telkens op Britse openbare vakansiedae gesluit soos byvoorbeeld met die koning se verjaarsdag, Witsunday, e.s.m. Geen erkenning

(34) Meegedeel deur B. Pienaar, gewese hoof van die Senior Primêre Skool Nuwe Republiek.

(35) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1906).

(36) Ibid. (NED 1905).

is aan Geloftedag verleen nie.

Tog was 'n besondere kenmerk van die periode 1902-1910, wat die voorsiening van onderwys in die Vryheidse distrik betref, die moeite wat die Natalse Onderwysowerheid gedoen het, ten spyte van kroniese geldtekorte, om die "Nuwe Gebied" te betrek, te akkommodeer en op onderwysgebied tegemoet te kom. Hoewel die onderwysowerheid binne die politieke beleid van die koloniale regering moes opereer, was hulle houding teenoor die Afrikaanssprekende gemeen= skap deurgaans simpatiek, veral wat die onderrigmedium op skool betref. Groot toegewings is dan ook op hierdie gebied aan die Afrikaanssprekende gemeenskap gedoen.

In 1910 het Natal deel geword van die Unie van Suid-Afrika en sou die provinsie, wat onderwys betref, verantwoorde= lik wees vir primêre en sekondêre onderwys. Voortaan sou die Natalse onderwysowerheid egter in hul onderwys= beplanning met die behoeftes en belang van die land as geheel moes rekening hou.